ALGEMENE INLIGTING

Babilu is 'n versorging- en vroeë ontwikkelingsentrum met 'n sterk Christelike grondslag. Dit word deur 'n onafhanklike eienaar, Cherie Bezuidenhout, besit en bestuur.

1. REGISTRASIE
   'n Nie-terugbetaalbare registrasiefooi van R300 is betaalbaar met die aanvaarding van u kind by Babilu.

2. SKOOLFOOIE
   Let asseblief op die volgende finansiële terme:

   - Skoolfooie is streng betaalbaar oor 12 maande (Januarie – Desember).
   - Skoolfooie word maandeliks vooruitbetaal voor of op die 1ste dag van elke kalendermaand. Indien skoolfooie nie teen die 3de dag van 'n maand betaal is nie, mag u kind toegang tot die sentrum geweier word.
   - Geen ouer kan aanspraak maak op enige terugbetalings as u kind afwesig is vir enige gedeelte van die maand nie – weens siekte of enige ander redes.
   - Slegs elektroniese betalings word aanvaar – geen kontant / tjeks nie.
   - Gebruik asseblief u kind se naam en van as verwysing vir alle betalings
   - State van u rekening sal maandeliks, per e-pos, aan u, die ouer, gestuur word.

   Huidige skoolfooie

   Kontak ons gerus vir verdere inligting.
   info@babiludaycare.co.za
   041 – 367 1967
   072 200 9606

3. SKOOLVERLATING
   Een maand skriftelike kennisgewing word benodig indien u u kind van die skool wil onttrek. Die reël geld egter nie as u na Oktober kennis gee nie. U is dan verplig om skoolgelde tot aan die einde van Novembermaand te betaal.

4. OUDERDOM VAN KINDERS
   Babilu akkommodeer kinders vanaf 3 maande tot 5 jarige ouderdom.

5. SKOOLTYE EN VAKANSIES
   Babilu is oop vanaf Maandag tot Vrydag: 07:00 – 17:00.
   Kinders kan enige tyd tussen 07:00 en 08:00 afgelaai word. Die skool se dagprogram begin om 08:00. Ouers het 'n keuse om hul kind(ers) vir halfdag of voldag in te skryf. Kinders wat vir halfdag ingeskryf is, moet stiptelik om 12:00 afgehaal word. Ons vra dat ouers nie hul kinders

tussen 12:15 en 14:00 kom afhaal nie, aangesien dit dan slaap- of rustyd is en die kinders nie gesteur moet word nie.
Babilu sluit stiptelik om 17:00. 'n Boete van R80 per 10 minute (of gedeelte daarvan) sal gehef word vir die laat afhaal van kinders. Indien u nie self u kind kan kom haal nie, stel asseblief die personeel in kennis van wie u kind sal kom haal. Om die veiligheid van u kind te verseker, sal geen kind aan die sorg van 'n ongemagtigde persoon oorgegee word nie.

Babilu sal gesluit wees op alle publieke en/of spesiale skolevakansiedae.
Babilu sal twee maal per jaar gesluit wees:
- gedurende die Junie/Julie skoolvakansie
- gedurende die Desember/Januarie skoolvakansie.

6. BENODIGDHEDE

<u>Babas (3 maande – 2 jaar)</u>

Maandelikse benodigdhede (hierdie items word in u baba se rakkie by die skool gelos)
- 2 pakke "wet wipes" (80 pak)
- 1 x buisie/ houer boudjie salf
- 1 x baba poeier
- 1 x tandepoeier / gel

Daaglikse benodigdhede in baba se doekesak
- A5 hardeband notaboekie (oorgetrek en duidelik gemerk met u kind se naam en van)
- 8 x weggooibare doeke
- bottels met water
  (bottels moet reeds met die korrekte hoeveelheid water volgemaak wees)
- melkformule
  (formule vir die dag moet reeds in melkhouers afgemeet wees / 1 blik melkformule kan by die skool, in u kind se rakkie gelos word)
- bottel met sap / tee - opsioneel
- ontbytpap, middagete en 'n versnappering vir die dag – indien baba reeds vastekos eet
- 2 x stelle skoon klere
  (vir ongelukkies of indien die weersomstandighede verander)
- Fopspeen (opsioneel)

Algemene benodigdhede
- laken vir bababedjie (standaardgrootte "camping cot" – 90 cm x 60 cm)
- kussing
- kombersie
- sonskerm
- sonhoedjie

ALLE koshouertjies, bottels, klere en linne moet asseblief duidelik gemerk wees met u kind se naam.

<u>Peuters (12 maande – 24 maande)</u>
- A5 hardeband notaboekie (oorgetrek en duidelik gemerk met u kind se naam en van)
- A duidelik gemerkte skooltassie
- A minimum van 8 weggooibare doeke/ 'n pak doeke wat by die skool gehou kan word.
- "Wet-wipes" x 1 pakkie
- 1 x houer/buisie boudesalf

- Bottles met water en formule wat reeds afgemeet is (indien peuter steeds formule melk drink)
  (Ouers mag steeds 'n blik formule saamstuur wat by die skool gehou sal word)
- Bottels / "sippy cup" met tee, sap of water
- Twee stelle skoon klere – sorg asseblief vir iets warm, indien die weer verander
- Een pakkie doekesakkies
- 'n Kosblik met peuselkossie
  Bv. jogurt, toebroodjie, kaas, vrugte, Flings, Cheddars)
- Een boks snesies aan die begin van elke kwartaal
- Fopspeen (Opsioneel)
- Kombersie (wat by skool gehou word – beddegoed word op Vrydae huistoe gestuur om gewas te word. Stuur dit asb weer terug op 'n Maandag)
- Matrasslopie (aangekoop by Babilu)
- Sonskerm en hoedjie
- Voorskoot met lang moue / ou T-hemp met lang moue – vir kunsaktiwiteite

<u>Kinders (2 – 5 jaar)</u>

- A5 hardeband notaboekie (oorgetrek en duidelik gemerk met u kind se naam en van)
- A duidelik gemerkte skooltassie
- Twee stelle skoon klere en onderklere (pak asseblief ook iets warm indien die weer verander)
- Plastiek sakkie vir nat / vuil klere
- Kosblik met broodjie en peuselhappies vir peuseltyd om 10:00 en 15:00 (halfdag en voldag maatjies
- Plastiek bottel met genoeg sap of water vir die dag
- Twee pakke "wet-wipes" aan die begin van elke kwartaal
- Twee boksie snesies aan die begin van elke kwartaal
- 4 rolle toiletpapier aan die begin van elke kwartaal
- 1 boksie dik vetkryte
- 2 buisies gom (bv. Pritt)
- 1 voorskoot met lang moue / ou T-hemp met lang moue
- Kombersie (wat by skool gehou word – beddegoed word op Vrydae huistoe gestuur om gewas te word. Stuur dit asb weer terug op 'n Maandag)
- Matrasslopie (aangekoop by Babilu)
- Sonskerm en hoedjie

7. ETENSTYE

Ontbyt in die vorm van gekookte pap sal elke oggend om 08:00 bedien word.
Om 10:00 (voldag en halfdag kinders) en 15:30 (voldag kinders) sal kinders hul kosblikkossies geniet. (Ouers is verantwoordelik vir die pak van hierdie kosblikkie)
Middagete word op Maandae tot Donderdae om 12:00 aan alle voldag kinders bedien.

Geen middagete sal op Vrydae bedien word nie. Ouers moet asseblief middagete stuur vir Vrydae.
Indien 'n kind allergies is vir enige van die kossoorte wat by Babilu bedien word moet ouers asseblief self 'n ekstra kosblik met gesonde kos vir middagete skool toe stuur.

8. KLEREDRAG EN SPEELGOED

Kinders moet asseblief gemaklike klere dra waarin hulle met gemak kan speel en ook mag vuil word. Alle klere en skoene moet asseblief duidelik gemerk wees.

Geen speelgoed of elektroniese toestelle word toegelaat nie. Ons vra asseblief u samewerking in hierdie verband.

9. GESONDHEID EN VEILIGHEID

Ons poog om al die kinders en personeel so gesond en veilig as moontlik te hou. Geen kind wat 'n aansteeklike siekte onderlede het, sal by Babilu toegelaat word nie.
Indien u kind opgooi, diaree , koors, ooginfeksie of veluitslag het, word u versoek om hulle asseblief tuis te versorg. Indien u kind by die skool siek word, sal u gekontak word om hulle te kom afhaal.
Wetgewing vereis dat alle kinders, wat deel vorm van 'n instansie, soos Babilu, se immuniserings op datum moet wees voor toelating. Verskaf dus asseblief 'n volledige kliniekkaart van u kind.
In 'n noodgeval sal die nodige hulp en bystand deur ECMR Medic Assist-24 verleen word en ouers sal onmiddellik in kennis gestel word van die gebeure.

10. OPVOEDKUNDIGE BESOEKE

Aangesien Babilu sorg verleen aan jong kinders en uitstappies 'n hoë veiligheidsrisiko inhou sal ons besoekers kry aangaande ons temas wat by die skool sal plaasvind. U sal skiftelik in kennis gestel word van sulke moontlike instappies/besoeke.

11. DISSIPLINE

Kinders word deur positiewe aanmoediging en beklemtoning van korrekte en sosiaal aanvaarbare gedrag gelei. Hulle moet leer om saam te speel en ook met maats te deel. Lyfstraf word geensins toegedien nie. Indien 'n kind onaanvaarbare gedrag openbaar, sal dit met die ouers bespreek word.
Die eiendom van die skool en ander persone mag nie beskadig word nie. Ouers sal vir die skade, wat deur die kind aan sodanige eiendom veroorsaak word, verantwoordelik gehou word.

12. OUERBETROKKENHEID EN PERSOONLIKE AFSPRAKE

Gebeure in 'n kind se huis en omgewing het 'n groot impak op hulle gedrag. Lig asseblief die personeel in oor enige traumatiese gebeure tuis sodat ons die kind kan bystaan en help, indien nodig. Alle persoonlike sake sal as streng vertroulik hanteer word.
Moet asseblief nie huiwer om 'n afspraak te maak met Mev. Bezuidenhout indien daar enige vrae of kwessies aangaande u kind is nie. Sodoende word moontlike probleme of misverstande so gou moontlik uit die weg geruim.